

12 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:7-9 5

Jou lewe kan beheers word deur jou sondige natuur of deur die Heilige Gees

Elke mens het *iets* in hom wat hom op 'n sekere manier laat dink, laat besig wees, laat optree. In Spreuke 4:23 staan: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." Romeine 8:5 sê vir ons hierdie *iets* kan net een van twee moontlikhede wees: jou *sondige natuur* of die *Heilige Gees*. Wat 'n mens se sondige natuur is, kan 'n mens verduidelik met wat in die natuur gebeur: 'n Boontjie se aard is om te rank, en 'n mielie se aard is om regop te groei. Soos wat die boontjie en mielie 'n "ingeprente gedragspatroon" het, net so het jy ook 'n aangebore geprogrammeerdeheid in jou wat jou gedrag bepaal: jou sondige natuur.

Op Pinkster het die Here sy Heilige Gees op sy kerk uitgestort. Dit bring twee baie belangrike aspekte in die lewe van elke gelowige na vore. *Enersyds* sê dit vir jou as gelowige wat *God* aan jou doen. Hy woon en werk in jou deur sy Heilige Gees.

*Andersyds* lê Christus hiermee sekere verantwoordelikhede voor *jou* deur. Nou moet jy lewe soos 'n Christen, en dit is volgens die kontoere waarin die Heilige Gees jou lei.

Al het Christus vir ons sondes gesterf, en al is die Heilige Gees oor ons uitgestort, bly die sonde tog in hierdie lewe nog altyd 'n deel van die werklikheid waarvan jy tot by jou dood nie kan wegkom nie. Dikwels kry hierdie drif in jou dit reg om jou te laat struikel en selfs diep en hard te laat val. Jy meen nog jy staan, dan het jy lankal geval. Die drif wil oor jou doen en late baasspeel. Dit wil die lelike in jou laat opborrel.

As gelowige *is* jy egter met die Heilige Gees vervul. God Self woon in jou deur sy Heilige Gees (Rom 8:5): "... maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees." Wanneer Hy in jou aan die werk is, dan lyk jou daade soos daade wat deur die Heilige Gees in jou verrig is. Galasiërs 5 noem *nege* dinge wat die Heilige Gees jou as vrug laat dra: "liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

Sing: Skrifberyming 14:1, 2 Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)